Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Tak: Kurrikulum en Assesseringsbestuur

Verwysing: 20201111-9459
Lêerno.: 12/11/5
Navrae: Distrik se Assesseringskoördineerders/ Hoofkantoor se Senior Kurrikulumbeplanners

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0009/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings in die Algemene Onderwys- en Opleidingsband (AOO)

**Onderwerp: Riglyne vir die opstel, administrasie en bestuur van die finale skoolgebaseerde jaareinde-toetse in graad 4 tot 9 vir 2020**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) voorsien van Nasionale Assessering Omsendbrief 06 van 2020 van 10 November 2020, waarin riglyne verskaf word vir die opstel, administrasie, nasien en moderering van die finale skoolgebaseerde toetse in graad 4 tot 9.

2. Soos genoem in WKOD Omsendbrief 0018/2020 van 03 Augustus 2020, sal skoolgebaseerde toetse die finale eksamen in graad 4 tot 9 vervang, en die gewigsbepaling van hierdie toetse sal 20% van die finale vakpunt bydra. Alle leerders in 'n spesifieke graad, moet dieselfde skoolgebaseerde toets in 'n vak skryf.

3. In **Bylae A** van Nasionale Assessering Omsendbrief 06 van 2020, verskaf die DBO riglyne oor die puntetoekenning en tydsduur van die toets per vak en graad. Die inhoud van die skoolgebaseerde toets moet fokus op die werk wat in kwartaal 3 en 4 afgehandel is, en moet die kerninhoud en -vaardighede van die hersiene jaarlikse onderrigplanne van elke vak dek.

4. Die departementshoof moet die toets op skoolvlak modereer met behulp van die vakhoof/senior vakonderwyser, indien nodig.

5. Skole moet toesien dat die finale toets vooraf gemodereer word voor dit aan die leerders verskaf word. Vooraf-moderering moet fokus op die gehalte van die toetsvrae/ items, in verhouding wees met kognitiewe vlakke, die akkuraatheid van nasienriglyne, ens. Onderwysers moet terugvoering ontvang.

6. Die skoolgebaseerde toetse moet, met inagneming van die COVID-19 protokolle, onder gekontroleerde omstandighede plaasvind.

7. Na afloop van die toetse, moet die betrokke graad- en vakonderwysers 'n paar antwoordstelle as voorbeelde gebruik en die nasienriglyne as 'n span bespreek om te verseker dat die nasienproses in die skool gestandaardiseer word.

8. Na afloop van die nasienproses, moet post-moderering gedoen word met die fokus op die akkuraatheid, regverdigheid en korrektheid van die nasienproses. As deel van voortgesette ontwikkeling, moet onderwysers terugvoering ontvang.

9. Departementshoofde moet die vakpunte noukeurig op die punteblaaie bywerk om die akkurate voltooiing van bevorderingskedules te verseker. Leerderverslae moet op grond van die finale goedgekeurde en afgetekende bevorderingskedules gegenereer word.

10. Skole wat die WKOD se rekordhouding- en verslagdoeningsprogramme vir graad 4 tot 9 gebruik, moet die puntetoekenning vir die skoolgebaseerde toets volgens die riglynetabel in Bylae A van Nasionale Assessering Omsendbrief 06 van 2020 doen. Let daarop dat die totaal wat vir Natuurwetenskappe en Tegnologie (graad 4 tot 6) en Natuurwetenskappe (graad 7 tot 9) aangewys word, die maksimum aanbevole totaal is.

11. Skole word herinner aan die aansoekproses vir akkommodasie/konsessies wat in Assesseringsbestuursminuut 0001/2019 van 28 Januarie 2019 uiteengesit is.

12. Prinsipale van skole wat graad 4 tot 9 aanbied, word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut met alle onderwysers te deel.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2020-11-17